# Die Ligdraer

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Welkom

**25 Februarie 2024**

# Ons missie:

Die Gereformeerde Kerk Welkom verheerlik God as ’n biddende gemeente wat

- dissipels is;
- dissipels maak;
- vashou aan die suiwer leer;
- ons gawes gebruik;
- lidmate toerus; en
- God se liefde en genade uitdra.

## VANOGGEND SE EREDIENS



**Stilte**
**Votum**
**Groetseën**
**Lofprysing en aanbidding:** Psalm 9-1:1,7,10
**Geloofsbelydenis:** Twaalf Artikels
**Die Wet van die HERE**
**Gebed**
**Sing:** Lied 258:1,3
**Skriflesing:** Handelinge 8:26-40
**Fokus:** Handelinge 8:27,35-36
**Preek:**





**Tema:**

*’n Man uit Afrika ontvang die evangelie en word gered.*

**Gebed**
**Diens van barmhartigheid**
**Ontslag as ouderling**
**Sing:** Psalm 134-1:4
**Wegstuurseën**



**Afkondigings**

**KOLLEKTES:**
Onder die erediens: Diens van barmhartigheid.
By die deure: Teologiese Studentekas.

**DIENSBEURT:**
Vandag: Wyk 6
3 Maart: Wyk 7
10 Maart: Wyk 8



**TEE/KOFFIE VOOR EN NA DIE EREDIENS:**
Daar is tee, koffie en koeldrank voor en na die erediens in die groot saal beskikbaar. Alles word daar reggesit en dan kan lidmate hulleself help.



**KATKISASIE:**
Tydens die erediens (net na die Skriflesing en voor die preek) is daar katkisasie vir die voorskoolse kinders. Graad 1-11 se katkisasie is na die erediens.

**BYBELSTUDIE :**
Vanmiddag om 17:00 by die kerkgebou. Ons gaan voort vandag met die reeks oor die boek Handelinge. Almal is hartlik welkom om dit by te woon of elektronies deur middel van Google Meet in te skakel. Die skakel daarvoor is: https://meet.google.com/rni-fzoq-yqd

**GKSA EN ONS TEOLOGIESE OPLEIDING (4)**
VERHOUDING GTA EN TEOLOGIESE SKOOL
Die doel van die GTA word in sy Akte van Oprigting uiteengesit:
1. *Die voorsiening van opleiding vir die bedieningsbehoeftes, in besonder die vir GKSA, maar nie beperk tot die GKSA nie.*
Nota: Hierdie bedieningsbehoeftes is baie wyer as net opleiding van predikante. Die verslae wat sedert 2000 by verskillende Algemene Sinodes gelewer is, wys die noodsaak uit van ander behoeftes in die bediening. Daarom dat vir die toekoms gewerk word aan die beskikbaarheid van kort kursusse (o.a. vir ouderlinge, vir pastorale begeleiding, evangeliste of helpers) waardeur persone ook kwalifikasies kan verwerf indien so 'n persoon homself/haarself verder akademies wil bekwaam.
2. Die tweede doel sluit dan soos volg aan: *Die aanbied van gehalte hoër onderwys en opleiding in verskillende programme.*
Nota: van belang is, in ons verantwoordelikheid teenoor God, om nie bloot akademie aan te bied met die oog op akademiese kwalifikasies nie, maar om studente ook in hulle persoon te vorm. Nie alleen vir Gereformeerde studente, maar ook as studente van ander kerke by die GTA wil studeer.
Die prentjie is groter as net GKSA. Die Gees wys ons in die Bybel op die Koninkryk van God.
3. *Om betrokke te wees in navorsing en die navorsing te bevorder.*
4. In aansluiting by pt 3, *die Reformatoriese teologie uit te bou en te versterk op basis van die Bybel en die Drie Formuliere van Eenheid* (Heidelbergse Kategismus, Nederlandse Geloofsbelydenis en Dordtse Leerreëls)
5. *Om die GTA te posisioneer as 'n Akademie van uitnemendheid op die Afrika kontinent, wat ook wêreldwyd deelneem om die Reformatoriese Teologie*

*uit te bou.*
Die doel van die Teologiese Skool is om aan die behoefte van die kerke te voorsien in die ampsopleiding van studente om bedienaars van God se Woord te kan wees in die kerke, ter wille van die Koninkryk van God.
Wat sal dan die verhouding wees tussen GTA en Teologiese Skool?
Terwyl die Teologiese Skool as 'n skool van die kerke, vir die kerke, afgeronde kandidate lewer vir bediening, lewer die GTA dieselfde kandidate wat teologies wetenskaplik goed toegerus is. So word aan die behoeftes van die kerke binne die GKSA voorsien.
Die GTA mag wel 'n selfstandige akademiese instelling wees (Privaat Hoër Onderwysinstelling), maar wil tot diens wees van die GKSA (en daarin tot diens van die Teologiese Skool). Maar dan nie net tot diens van die GKSA nie, maar tot diens van die Koninkryk van God. Daarom sê punt 1 van die doel: *nie beperk tot die GKSA nie.*
Die dosente by die GTA moet gereformeerd wees (getrou aan Skrif en belydenis). Dit lyk tans of hierdie dosente ons eie beroepe professore sal wees. Hulle word steeds beroep deur die Beroepingsvergadering van die Kuratore en kan dan ook beskikbaar gestel word aan die GTA as dosente. Wanneer akademiese opleiding ook aan studente uit ander kerke gegee moet word, kan dit gebeur dat ander dosente daarvoor gebruik word. Maar dan steeds gereformeerd (Skrif en belydenis).

**VRAELYS OOR KLEINGROEPE:**
Op Sondag 19 November 2023, net na die nagmaaldiens, is vraelyste oor kleingroepe aan die lidmate wat teenwoordig was, gegee om in te vul. Ons wil uiteindelik hê dat soveel as moontlik lidmate in ons gemeente die vraelyste invul. Br. Gert Coetzee wat die saak vir ons koördineer, gaan die komende week 'n epos aan al die lidmate wat nog nie die vraelys ingevul het nie, stuur sodat hulle die vraelys elektronies kan invul. Ons versoek alle lidmate wat die epos ontvang om die vraelys in te vul. Indien jy nie op 19 November 2023 die vraelys ingevul het nie en teen Woensdag nog nie 'n epos ontvang het nie, moet jy asseblief met Gert Coetzee (082 773 2195). Die vraelyste sal in Maart 2024 ontleed word en die resultate tesame met 'n voorstel oor die implementering van kleingroepe sal aan die Breë Kerkraad vergadering op 8 April 2024 voorgelê word met die oog daarop dat kleingroepe vanaf Mei 2024 geïmplementeer word.



## Ek Verjaar!



Die volgende lidmate verjaar tot 2 Maart 2024

| | | |
|---|---|---|
| 26 Februarie | Nellie Meyer | 082 801 6840 |
| 26 Februarie | Mia Oosthuizen | 079 012 1903 |
| 26 Februarie | Maryna Thieroff | 079 430 3747 |

**BAIE GELUK** en seënwense vir die nuwe jaar.

**LIEF EN LEED:**

- Ons vra voorbidding vir lidmate wat siek is of in die hospitaal is of ander beproewings beleef, waarvan ons nie weet nie.
- Sr. Annika Wolmarans (082 659 6764) se pa is oorlede. Ons innige simpatie aan haar, Barry, hulle dogter, Leanne, en die res van die familie.
- Br. Albert Burger (082 924 5994) is in Welkom Medi-Clinic se intensiewe sorg eenheid. Ons vra voorbidding vir hom.
- Ons vra voorbidding vir br. Wallie van der Walt (083 635 3727) wat wag vir 'n finale diagnose van die neuroloog oor hoekom die spiere in sy linkerbeen en linkerarm so vinnig verswak.

**VIR INBETALINGS IN ONS GEMEENTE SE REKENING:**



**WELKOM**
**ABSA BANK**
**TAK KODE: 630135**
**REK NO: 1340340090**
**TIPE REK: TJEKREKENING**

**ONTHOU OM JOU NAAM BY TE SIT INDIEN ELEKTRONIES OOR BETAAL**

**Kontaknommers en besonderhede:**
Predikant: Ds JL van der Schyff (083 995 0380) dominee@gkwelkom.co.za
Skriba: Marthie van der Schyff (072 336 4266) skriba@gkwelkom.co.za
Attes Skriba: Frank Korb (076 312 7581) attesskriba@gkwelkom.co.za
Koster: Flip Kotze (083 388 0249) koster@gkwelkom.co.za
Kassier: Marthie Kotze (083 388 0251) kassier@gkwelkom.co.za
Orrelis:
Admin beampte: Casper du Plessis (057 353 1447/060 366 0166)
Diakonie: Marthie van der Schyff (072 336 4266) diakonie@gkwelkom.co.za
Kantoor: Vrydag 08:00 - 13:00 (060 366 0166) admin@gkwelkom.co.za
**Facebook:** www.facebook.com/GKWelkom/
**Webbladsy:** www.gkwelkom.co.za



**DIAKONIE**
**EERSTE NASIONALE BANK**
**TAKKODE: 250655**
**REKENINGNOMMER: 62808348074**

# Net 'n Gedagte

***18 Hy wat haat verberg, het valse lippe; en hy wat skindertaal uitstrooi, is 'n dwaas.***
***22 Die seën van die HERE — dit maak ryk, en moeitevolle arbeid voeg daar niks by nie.***

***~ Spreuke 10 verse 18-22 (33-53 vertaling) ~***